GRONDWET VAN DIE HOUTWERK-VERENIGING VAN PRETORIA

Soos gewysig en goedgekeur op 27 Januarie 2010

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is die **HOUTWERKVERENIGING van PRETORIA**, hierna die **Vereniging** genoem.

2. VOERTAAL

Die voertaal van die Vereniging is Afrikaans en Engels.

3. DOELSTELLINGS

3.1 Om houtwerk-bedrewendhede, -tegnieke en -kennis aan te moedig en lewendig te hou.

3.2 Om almal wat toegewy is aan die bereiking en behoud van die hoogste standaarde in die beoefening van hulle gekose houtwerk-vakgebied bymekaar te bring.

3.3 Om ‘n groter publieke bewustheid te skep van houtwerkvakmanskap, en die prag en waarde van alledaagse dinge wat individueel uit hout gemaak word.

3.4 Om inligting aangaande hout en houtwerk van alle soorte toeganklik te maak.

3.5 Om ‘n gees van samewerking en uitruil van standpunte en idees tussen lede aan te moedig.

3.6 Om ‘n plek te voorsien waar lede kan ontmoet en lesings en werkwinkels bywoon.

3.7 Om skoling aan te moedig deur die organisering van houtwerkkursusse wat aangebied word deur vooraanstaande vakmanne, en die borg van kompetisies.

3.8 Om uitstallings en bemarking van lede se werk te reël.

3.9 Om ‘n gereelde nuusbrief aan lede te sirkuleer.

3.10 Om daarna te streef om soortgelyke Verenigings elders in die land te help stig.

4. VERGOEDING

4.1 Die Vereniging is gestig met geen winsmotiewe nie.

4.2 Geen ampsdraers of bestuurslede van die Vereniging word vergoed vir dienste gelewer aan die Vereniging nie, maar wel vir goedgekeurde uitgawes.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Lidmaatskap kan verwerf word deur enige persoon wat in houtwerk belangstel en wat op die voorgeskrewe vorm aangesluit het (sien aansoekvorm). Lidmaatskap is beperk tot lede wie se ledegeld ten volle betaal is. Juniorlidmaatskap is beskikbaar aan persone onder die ouderdom van 25 jaar teen ‘n verlaagde ledegeld van 25% van die volle ledegeld. Juniorlede sal nie stemgeregtig wees tydens vergaderings nie.

5.2 Lidmaatskap is onderworpe aan die goedkeuring van die Bestuur.

5.3 **Erelidmaatskap**

5.3.1 Die Bestuur kan, uit eie beweging of na aanleiding van ‘n voorstel van ‘n lid, besluit om erelidmaatskap van die Vereniging aan ‘n persoon toe te ken, indien daardie persoon, na die eenparige mening van die Bestuur oor ‘n tydperk van meer as twee jaar, ‘n buitengewone bydrae tot die Vereniging en die verwesenliking deur die Vereniging van een of meer van die doelstellings van die Vereniging gelewer het.

5.3.2 Erelidmaatskap word formeel toegeken op ‘n spesiale geleentheid wat, na die oordeel van die bestuur, gepas is en geskied by wyse van die oorhandiging van ‘n erelidmaatskapbewys deur die Voorsitter.

5.3.3 Erelede word kwytgeskeld van ledegeld.

5.4 **Vriend van die Houtwerkvereniging**

5.4.1 Die Bestuur kan, uit eie beweging of na aanleiding van ‘n voorstel van ‘n lid, besluit om die status van “Vriend van die Houtwerkvereniging” aan ‘n persoon, organisasie of instelling toe te ken indien daardie persoon, organisasie of instelling na die eenparige besluit van die Bestuur:

5.4.1.1 Houtwerk van sodanige gehalte lewer dat sy assosiasie met die Vereniging as “Vriend van die Vereniging” vir die Vereniging prestige-waarde sal wees; of

5.4.1.2 Op die een of ander manier by die houtbedryf, meubelvervaardigingsbedryf of meubelhandel, of die bewaring of navorsing oor woude, hout, meubelvervaardiging of meubels betrokke is en die Vereniging graag met daardie persoon, organisasie of instelling geassosieer wil wees.

5.4.2 Die toekenning van die status “Vriend van die Houtwerkvereninging” geld vir ‘n periode van twee jaar (gereken vanaf die toekenningsdatum) en verleen aan sodanige persoon, organisasie of instelling dieselfde voorregte as wat lidmaatskap aan ‘n lid verleen.

5.4.3 Die toekenning van die status “Vriend van die Houtwerkvereniging” geskied op ‘n wyse wat, na die oordeel van die Bestuur, gepas is.

6. BESTUUR

6.1 Sake van die Vereniging word beheer deur die bestuur wat jaarliks op die algemene jaarvergadering verkies word, en wat tot die volgende algemene jaarvergadering dien.

6.2 Die Bestuur bestaan uit:

- Voorsitter
- Ondervoorsitter
- Sekretaris/Sekretaresse
- Tesourier
- Maksimum van vier (4) addisionele lede.

6.3 Die agt bestuurslede word op die Algemene Jaarvergadering per geslote stembriefie of deur die opsteek van hande verkies. Die gekose Bestuur sal op die eerste bestuursvergadering uit eie geledere die ampsdraers soos bepaal deur Artikel 6.2 aanwys, behalwe die voorsitter wat deur die Algemene Jaarvergadering verkies word.

6.4 Bestuurslede wat uit die Vereniging of bestuur bedank, word deur die bestuur vervang deur die koöptering van ‘n lid om op die bestuur te dien. Indien die Voorsitter, Ondervoorsitter of Sekretaris bedank, gaan die komitee tot stemming oor.

6.5 Enige aantal lede mag tot die bestuur gekoöpteer word om spesiale take te verrig of as spesialiste op die bestuur te dien, maar sulke lede geniet nie stemreg op die bestuur nie.

6.6 Alle lede van die bestuur het volle stemreg. ‘n Kworum bestaan uit minstens een derde(1/3) van die bestuurslede. Die Voorsitter beskik benewens ‘n gewone stem ook oor ‘n beslissende stem.

6.7 Enige lid van die bestuur wat vir drie (3) agtereenvolgende vergaderings sonder toestemming van die Voorsitter afwesig is, hou outomaties op om ‘n lid van die bestuur te wees. Die bestuur het dan die reg om ‘n ander persoon te koöpteer om die nodige getal te verkry.

6.8 Die bestuur moet ten minste tien (10) maal per jaar byeenkom om sake van die Vereniging te bespreek.

6.9 Behoorlike notule moet tydens vergaderings gehou word, wat so spoedig moontlik daarna aan bestuurslede versprei moet word. Die notule word tydens die eersvolgende vergadering bekragtig.

7. BEVOEGDHEDE EN TAKE VAN DIE BESTUUR

7.1 Die bestuur se primêre taak is om die Vereniging so te bestuur dat die doelstellings van die Vereniging nagestreef word.

7.2 Die bestuur het die mag om na goeddunke lede/bestuurslede uit die Vereninging te skors wie se gedrag skade veroorsaak of kan veroorsaak aan eiendom waarvoor die Vereniging verantwoordelik is/gehou kan word. Dieselfde geld vir lede wie se gedrag ondermynend of nadelig is vir die doelstellings of goeie naam van die Vereniging.

7.3 Die bestuur het die bevoegdheid en dit is sy taak om funksies, gesellighede, uitstallings, demonstrasies, edm te reël wat in ooreenstemming is met die doelstellings van die Vereniging.

7.4 Die bestuur moet na die finansies van die Vereniging omsien. Dit behels dat daar deeglik boekgehou word van alle inkomstes, uitgawes en bates. Die bestuur moet toesien dat die boeke van die Vereniging jaarliks ge-oudit word deur ‘n onafhanklike ouditeur, wat nie ‘n lid van bestuur is nie. Die ouditeur moet ‘n verslag oor sy bevindinge en ‘n gesertifiseerde balansstaat aan die bestuur voorlê. ‘n Finansiële verslag moet tydens die algemene jaarvergadering aan al die lede van die Vereniging voorgelê word.

7.5 Die Tesourier moet tydens bestuursvergaderings ‘n staat van ontvangste en uitgawes voorlê vir goedkeuring van uitgawes en kennisname van die finansiële toestand van die Vereniging.

7.6 Die Vereniging se finansiële transaksies mag slegs per tjek wat deur die Voorsitter en/of die Ondervoorsitter en/of die Tesourier onderteken is, geskied.

7.7 Die bankrekening van die Vereniging word gehou by ‘n handelsbank waarop die bestuur na goeddunke besluit.

7.8 Die bestuur het die reg om ‘n komitee of onderkomitee vir enige saak in belang van die Vereniging aan te stel.

8. ALGEMENE JAARVERGADERING

8.1 Die algemene jaarvergadering van die Vereniging word gedurende Januarie gehou. ‘n Kwart van die opbetaalde lede van die afgelope finansiële jaar maak ‘n kworum uit.

8.2 ‘n Opbetaalde lid is ‘n lid wie se gelde ten volle vereffen is.

9. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

9.1 ‘n Spesiale algemene vergaderings moet deur die bestuur, wanneer nodig, of op skriftelike versoek van minstens ‘n derde (1/3) van die opbetaalde lede, belê word.

9.2 By spesiale algemene vergaderings word slegs daardie sake afgehandel waarvoor die vergadering byeengeroep is.

10. KENNISGEWING VAN ALGEMENE VERGADERING

Lede moet minstens 14 dae voor ‘n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering, skriftelik van so ‘n vergadering in kennis gestel word. Die kennisgewing moet ook volledige besonderhede van die vergadering-agenda insluit.

11. STEMMING TYDENS ALGEMENE VERGADERINGS

11.1 Die Voorsitter het op alle vergaderings ‘n gewone sowel as ‘n beslissende stem.

11.2 Stemming op vergaderings geskied per briefie of deur die opsteek van hande.

11.3 Alle opbetaalde lede, asook erelede, het stemreg op spesiale en algemene jaarvergaderings.

12. LEDEGELDE

12.1 Die volgende ledegelde is betaalbaar volgens die tariewe wat deur die algemene jaarvergadering vasgestel word ná oorweging van die aanbevelings van die Bestuur:

12.1.1 Intreefooi

12.1.2 Jaarlikse ledegeld (bo en behalwe eenmalige intreefooi).

12.2 Die finansiële jaar van die Vereniging val saam met die kalenderjaar.

12.3 Geen ledegelde is onder enige omstandighede terugbetaalbaar nie.

13. KLAGTES

13.1 Enige klagtes en besware wat ‘n lid mag hê moet skriftelik by die Sekretaris ingedien word.

13.2 Die beslissing van die bestuur hieroor is finaal.

14. VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE VERENIGING

Die Vereniging, sy bestuur, of enige lid is nie aanspreeklik teenoor lede, deelnemers, toeskouers of hulle afhanklikes vir enige skade of uitgawes wat mag voortspruit uit die dood, liggaamlike beserings of skade aan of verlies van eiendom wat op enige wyse tydens sosiale byeenkomste, uitstallings, demonstrasies of enige aanverwante byeenkomste mag voorkom nie.

15. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET

Hierdie grondwet mag alleenlik tydens ‘n algemene jaarvergadering, of ‘n vergadering wat spesifiek vir hierdie doel belê is, gewysig word deur ‘n twee-derde meerderheid van die vergadering. Enige voorgestelde wysigings moet op die agenda van die betrokke vergadering verskyn.

16. INTERPRETASIE

Die ware interpretasie van die grondwet is in die Afrikaanse weergawe daarvan vervat. Die Engelse weergawe is nietemin sover moontlik ‘n getroue weergawe van die grondwet.

17. DISSIPLINE

17.1 Elke lid word voorsien van ‘n afskrif van die grondwet en word daarna geag volkome op hoogte te wees van die inhoud daarvan.

17.2 Enige lid wat die grondwet van hierdie Vereniging oortree, maak hom skuldig aan wangedrag, en daar kan dan deur die bestuur na goeddunke teen sodanige lid opgetree word.

18. AANWENDING VAN DIE VERENIGING SE FONDSE

18.1 Die fondse van die Vereniging word aangewend vir administratiewe kostes, waarby die verspreiding van ‘n nuusbrief ingesluit is.

18.2 Koste vir uitstallings, demonstrasies, lesings, ens, word slegs geheel of gedeeltelik uit die Vereniging se fondse vereffen indien die toestand van die Vereniging se finansies dit toelaat en daar vooraf tydens ‘n bestuursvergadering goedkeuring vir die uitgawes gegee is.

18.3 Die Vereniging se finansiële verpligtings word slegs gewaarborg deur die Vereniging se bates, alle persoonlike aanspreeklikheid van bestuurslede uitgesluit. Nietemin sal enige bestuurslid wat hierdie klousule verontagsaam, persoonlik aanspreeklik gehou word teenoor die bestuur en algemene jaarvergadering vir uitgawes wat in sy hoedanigheid as bestuurslid aangegaan is.

19. LEDEKAARTE

19.1 Enige nuwe lid wat sy/haar intree- en jaargelde betaal het ontvang ‘n ledekaart van die Vereniging.

19.2 Ledekaarte word jaarliks uitgereik en is geldig vir die periode gestipuleer in klousule 12.2.

20. <u>ONTBINDING</u>

20.1 Ontbinding van die Vereniging kan slegs geskied tydens ‘n spesiale of algemene jaarvergadering.

20.2 In die geval van ontbinding sal daar, volgens die bepalings van Algemene Reg, oor die eiendom en fondse van die Vereniging beskik word.